DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

5 April 2020

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

Lees: Joh 12: 20 – 36.

Teks: Die hele perikoop.

Tema: Die pad van die koringkorrel.

Geliefdes, oor twee weke is dit Paasfees. ‘n Fees sonder familie en vriende. Ons sal steeds agter slot wees. Die Here gee vir ons nou tyd om te fokus op die belangrikste saak van die Blye Boodskap: Paulus sê dat dit alleen oor Christus gaan, en Hom as die gekruisigde 1 Kor 1: 23. Ek gaan in die volgende 2 uitgawes van die Basuin die Pasga oordink.

Jesus het kort van tevore vir Lasarus uit die dood opgewek. Nou is dit tyd vir die jaarlikse Pasga. Jesus het onder die gejuig van die skare die stad, Jerusalem, ingery. Die Fariseërs het die skare se opgewondenheid, gehaat. Daarom word Jesus se lydensweg tree vir tree al intenser. Aan die horison word die kruis al meer sigbaar. Vir Johannes, die skrywer, is die kruis en opstanding gebeure van verheerliking.

Die kruis en oop graf is waar Jesus se Heerskap sigbaar word. As antwoord op die vraag van ‘n aantal gelowige Grieke wat Hom wil ontmoet, sê Jesus dit duidelik dat sy lydensweg die pad van die saadkorrel is wat eers moet sterf voordat daar ‘n heerlike oes kan wees.

Die metafoor van die sterwende koringkorrel is baie effektief. Uit die sterwe van die Koringkorrel kom die groot oes. Uit die sterwe groei ‘n nuwe lewe wat heerlike vrugte dra. Elkeen wat Jesus volg moet baie goed besef dat jy by Jesus se lyde betrokke gaan wees. Paasfees is die fees oor die eerste Koringkorrel wat op Golgota gesterf het en begrawe is. Soos wat Jesus gely het, kan ons dit nooit ervaar nie. Ons lewe in navolging oor die nuwe lewe wat uit die graf uitgebars het. Ons vier fees oor die oes wat besig is om ingebring te word.

Daar is ‘n appél: om in navolging van Christus self koringkorrels te word moet jy jou eie agenda van die tafel afgooi. Ons agenda moet wees: Liefde vir Jesus Christus en sy Koninkryk. Daaruit vloei die opdrag: Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar. In die tyd van afsondering moet ons werklik vir mekaar bid. Bid dat die Here ons sal optel wanneer ons struikel en val. Dat Sy hande ons sal omvou en bewaar van die Bose.

Dat Hy ons versugtinge sal hoor, wanneer ons alleen is. Sy belofte is dat Hy ons gebede sal verhoor. Die Heilige Gees trek ons agter Christus aan. Kom ons hoor weer v 26: “As iemand My wil dien, moet hy My volg, en die Vader sal hom eer”.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te staak nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## Oog vir mekaar




* Baie dankbaar saam met Gerhard Maritz dat hy afgelope week die nuus ontvang het, dat hy oor 3 maande weer die dokter moet besoek. Ons bid dat die Here die bestraling se werking sal seen.
* Bid vir Lana Nel wie se moeder met kanker gediagnoseer is. Sy het die afgelope week die eerste bestraling ondergaan. Sterkte vir julle in die tyd.
* Baie sterkte vir almal wat swaarkry en onder siekte gebuk gaan. Ons moet vir mekaar bid in die tyd van afsondering.
* Staan mekaar by en laat weet asb vir ds Sarel as jy enige nuus uit die gemeente het.
* Ons beleef onsekere tye. Mag die Here ons almal vashou en dra en ons geloof versterk totdat ons weer normaal as gemeente kan funksioneer en weer bymekaar kan kom.

## Kerkkantoor

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor vanaf Vrydag 27 Maart 2020 gesluit sal wees tot verdere kennisgewing.

## Bybelstudie

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer hervat word na 15 April 2020.

# BYBELSTUDIE

**Bybelstudiegroepe sal eers hervat word na 16 April 2020**

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

| | |
|---|---|
| Gebed | Openbaring |
| Daniël | Dood en hiernamaals |
| Joël | Jakobus |
| Maleagi | Die duiwel maak sin |
| Miga | Hebreërs |
| Nahum | Die lewende kategismus |
| Groei in die Gees | Beproewing |




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| ** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer* | | | |
| Ma 06 Apr | Nelie Badenhorst<br>Rioni Combrink<br>Zoë Erasmus | B<br>B<br>B | 074 663 5377<br>082 804 7041<br>062 315 9751 |
| Do 09 Apr | Heila Lessing<br>Barbara Nagel<br>André vd Merwe<br>André Venter | B<br>B<br>B<br>B | 083 626 0185<br>083 260 9581<br>082 460 1220<br>082 220 3068 |
| Vr 10 Apr | Anel Nieuwoudt | B | 072 225 9555 |
| Sa 11 Apr | Retha Grobler<br>Francois Nel | B<br>D | 071 885 8928<br>083 739 6152 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 5 April 2003 | MJ en Nelmarie Venter | 17 | 082 752 1637<br>082 444 0336 |
| 6 April 1974 | Gerhard en Martie Maritz | 46 | 083 461 6974 |
| 7 April 1979 | Gert en Annaleen Grobler | 41 | 071 673 0584<br>082 802 5577 |
| 7 April 2017 | Shawn en Annemarie Koekemoer | 3 | 083 263 5171<br>082 361 2427 |
| 8 April 1978 | Billy en Elizabeth Odendaal | 42 | 082 935 8492<br>083 534 1963 |
| 9 April 2011 | Ryno en Carien Venter | 9 | 083 271 2676 |
| 11 April 1998 | Kiewiet en Karin du Rand | 22 | 082 882 7975<br>072 335 5283 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

*Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo*

"Toe sê Jesus vir hulle: "Nog net 'n kort tydjie is die lig by julle. Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis lewe, weet nie waar hy gaan uitkom nie.
Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees. Dit het Jsus gesê en daarna van hulle af weggegaan en Hom skuil gehou."

Johannes 12: 35 - 36.

